

7 Maart

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 7:5-16
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 7:8-10

Ware berou lei tot grondige bekering

Waaroor is jy vandag spyt? Het jy iemand se verjaardag vergeet? Het jy 'n verkeerde besluit geneem wat 'n klomp geld vermors het? Soms is mens spyt oor wonderlike geleenthede wat jy deur jou vingers laat glip het. Die spreekwoord sê: Spyt kom altyd te laat. Ons het 'n ander woord wat 'n sinoniem vir spyt is, naamlik berou. Wat is die verskil tussen spyt en berou?

Paulus praat in ons teksverse van twee soorte hartseer. Die een soort is 'n hartseer soos God dit wou hê. Dit is berou oor jou sonde. Die ander soort hartseer, of te wel droefheid uit wêreldse oorwegings, is bloot net spyt.

Die hartseer wat God soek, is nie spyt nie, maar berou. In die Heidelbergse Kategismus Sondag 33 bely ons ware bekering is: 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het ... Paulus het by Titus gehoor dat daar by die lidmate van die gemeente in Korinte 'n wesenlike verandering ingetree het. Paulus was baie dankbaar, want hulle hartseer het tot inkeer gelei. Hulle hartseer was nie maar net sommer spyt nie, nee, hulle het berou gehad. Die Griekse woord wat hier met inkeer of bekering vertaal word, beteken letterlik: om tot stilstand te kom en dan in die ware sin van die woord 'n 180° omkeer te maak. Dit beteken jy was op pad weg van die Here af – ja, natuurlik op jou eie koers! En dan, op 'n stadium, onder leiding van die Heilige Gees, hoor jy die Here se stem ... Jy hoor hoe hy met jou praat ... Dan gaan staan jy stil. En jy luister weer mooi. Dan draai jy om ... En jy loop terug ... na jou hemelse Vader toe. Dit kan jy net in en deur Christus doen, want net Christus se offer aan die kruis maak jou by jou hemelse Vader aanvaarbaar.

Ware berou lei tot ware verlossing, want jy ontvang 'n nuwe lewe in Christus onder leiding van die Heilige Gees.

Sing: Skrifberyming 9-3:1 & 2

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)